

nbUITGEWERS
PUBLISHERSTafelberg
Human & Rousseau
Queillerie
Kwela
Pharos
Best Books
Lux Verbi

Inskrywingsvorm: NB-Uitgewers se Groot Afrikaanse Romanwedstryd 2021

Reëls:

- Die sluitingsdatum is 1 Augustus 2020. Inskrywings word vanaf 1 Junie 2020 aanvaar. Pryse word in Maart 2021 toegeken.
- Daar is vier pryse op die spel:
Eerste prys: R200 000
Tweede prys: R 70 000
Derde prys: R 40 000
Debutprys: R 40 000
- Die manuskrip moet in Afrikaans wees en 'n 40 000-woordtelling is die minimumvereiste.
- Elke voorlegging moet vergesel word van 'n inskrywingsvorm wat volledig voltooi en geteken is.
- Dui asb aan by watter druknaam van die NB-Uitgewersgroep jy graag jou roman wil voorlê: Tafelberg, Human & Rousseau, Queillerie of Kwela Boeke. NB-Uitgewers behou die reg voor om op die finale druknaam te besluit.
- Inskrywings per pos of koerier moet op A4-velle getik of uitgedruk wees, met dubbelspasiëring en breë kantlyne, net aan een kant van die vel. Weens die buitengewone inperkingsmaatreëls wat tans geld a.g.v. die Covid-19-pandemie, sal elektroniese inskrywings aanvaar word.
- Die organiseerders is nie aanspreeklik vir die verlies van enige inskrywing nie. Deelnemers kan aanvaar hul inskrywings is amptelik ontvang sodra hulle per e-pos bevestiging kry.
- Geen manuskripte sal teruggestuur word ná afloop van die wedstryd nie.
- NB-Uitgewers het die eerste opsie om die wenromans sowel as enige ander inskrywing te publiseer.
- Manuskripte wat vantevore aan enige redakteur of uitgewer in die NB-uitgewerstal voorgelê is, mag nie ingeskryf word nie. Terwyl inskrywings onder oorweging is, mag hulle nie elders voorgelê word vir publikasie totdat NB-Uitgewers skriftelik bevestig het dat hulle nie gepubliseer sal word nie.
- Inskrywings word streng anoniem beoordeel. Skrywers moet asseblief seker maak dat hul naam slegs op die titelblad van die inskrywing verskyn en nêrens elders nie.
- Deelnemers mag nie onder 'n skuilnaam inskryf nie.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen gesprek of korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
- Die borge en organiseerders word gevrywaar teen enige eise of voorvalle wat uit die romanwedstryd of die benutting van pryse kan spruit.
- Wenners moet bereid wees om media-onderhoude en fotosessies toe te staan.
- Stuur jou inskrywing elektronies aan:

Groot Afrikaanse Romanwedstryd 2021

Per pos: Posbus 879

Kaapstad

8000

Per koerier: NB-Uitgewers

12de Verdieping,

Naspers-sentrum

Heerengracht 40

Kaapstad

8001

Per e-pos: romanwedstryd@nb.co.za

- Rig enige navrae aan Sadé Walter by gemelde e-posadres.

NAAM:.....

ADRES:.....

.....

..... POSKODE:.....

TELEFOON: H W Sel

E-POS (INDIEN ENIGE):

TITEL VAN INSKRYWING:.....

WOORDTELLING:.....

KIES SLEGS EEN DRUKNAAM WAAR JY JOU MANUSKRIP WIL VOORLÊ:

TAFELBERG HUMAN & ROUSSEAU QUEILLERIE KWELA BOEKE

Hiermee verklaar ek dat my inskrywing my eie, oorspronklike en ongepubliseerde werk is. Ek het nog nie vantevore hierdie manuskrip aan enige redakteur of uitgewer in die NB-uitgewerstal voorgelê nie. Ek aanvaar bogenoemde reëls en sal daarby hou.

HANDTEKENING: